DIE HELPENDE HAND
STUDIETRUST

# Helpende Hand Studietrust

Die Helpende Hand Studietrust bied rentevrye studielenings aan behoeftige, verdienstelike studente wat by Akademia, Sol-Tech en Bo-Karoo Opleiding studeer en nie vir 'n lening by **Solidariteit Finansiële Dienste (SFD)** kwalifiseer nie.

## AANSOEKTYDPERK

**Akademia en Bo-Karoo**
1 Julie tot 30 September vir die **volgende studiejaar**

**Sol-Tech**
Die **sperdatum vir Sol-Tech-aansoeke** hang af van die verskillende kursusse. Jy sal **direk gekontak en in kennis gestel word** van die spesifieke aansoekproses en sperdatum wat op jou van toepassing is.

## KRITERIA

- Akademiese prestasie
- Maatskaplike omstandighede van die gesin
- Gesinsamestelling en gesamentlike inkomste van minder as R800 000 per jaar
- Solidariteit-lidmaatskap

# Aansoekproses

**Stap 1:** Doen aansoek by SFD by www.solidariteitfinansieledienste.co.za of kontak hulle by 0861 101 005.
**Stap 2:** SFD sal jou per e-pos in kennis stel of jou aansoek suksesvol was al dan nie. Indien jou aansoek onsuksesvol was, volg dan stappe 3 tot 5.
**Stap 3:** Indien jou aansoek by SFD onsuksesvol was, sal jy 'n e-pos met 'n skakel ontvang vir 'n verdere aansoekproses by die Helpende Hand Studietrust. Volg asseblief die skakel om jou aansoek te begin (kyk na die aansoektydperk bo).
**Stap 4: Teken in op die Helpende Hand Studietrust Portaal.** SFD se stelsel skep **outomaties 'n profiel** in die student se naam. Volg die stappe soos in SFD se e-pos uiteengesit.
**Stap 5:** Maak seker dat jou aansoek volledig en betyds ingedien is vir 'n suksesvolle evaluasie deur ons onafhanklike komitees. Jy sal in kennis gestel word indien jou aansoek suksesvol ontvang is.

## Dokumentasie benodig vir jou aansoek by die Helpende Hand Studietrust

- Bewys van inkomste van ondersteunende persone
- Nuutste puntestaat en/of gr.11-/gr.12-sertifikaat
- Identiteitsdokumente van die student en gesin
- Bewys van registrasie of voorlopige keuring vir die kursus
- Ander relevante dokumentasie na gelang van omstandighede

## BELANGRIK

- Geen druip- of herhaalvakke of agterstallige gelde word deur die studielening gedek nie.
- Studente moet R100 per maand terugbetaal tydens hulle studietydperk.
- 'n Terugbetalingsooreenkoms word aangegaan direk na voltooiing van die studies.